



AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 3 APRIL 2022

VYFDE SONDAG IN LYDENSTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK NUWE KWARTAAL

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Lukas 19:28-40; Psalm 118:1-2, 19-29; Psalm 31:9-16;
Jesaja 50:4-9a; Filippense 2:5-11; Lukas 22:14–23:56

| SONDAG, 3 APRIL | |
|---|---|
| DAG VAN DANKSEGGING EN VERROOTMOEDIGING | |
| 09:00 | Oggenddiens in Kerk – Ds Chris Barnardo Erediensspan 2 – Lorraine Louw Dooop |
| Geen | Kleuterkerk |
| Geen | Kinderkerk |
| Geen | Aanddiens |
| Geen | Senior kategeese |
| MAANDAG, 4 APRIL | |
| 18:30 | Kooroefening |
| 19:00 | Sportmanne Bybelstudie |
| 19:00 | Vroue Bybelstudie |
| DINSDAG, 5 APRIL | |
| SKOLE HEROPEN | |
| 09:30 | Senior Burger Bybelstudie |
| WOENSDAG, 6 APRIL | |
| 09:30 | Vroue Bybelstudie |
| 10:00 | Othello Biduur |
| DONDERDAG, 7 APRIL | |
| 09:30 | Kuilsrivier Dienssentrum – byeenkoms by Kuilsrivier-Suid – Wêreld gesondheidsdag – bloeddruk-, suiker-, gehoorstoetse Sopbeurte: Anita le Roux, Marietjie Mostert, Lizelle Wessels, Riana van Niekerk, Mariana van Schalkwyk |

VRYDAG, 8 APRIL

SATERDAG, 9 APRIL

SONDAG, 10 APRIL

SESDE LYDENSWEEK PALMSONDAG

- 09:30 Oggenddiens in Kerk
Deuroffer: Alta du Toitskool
Erediensspan 3 – Elsa Welman
- 09:30 Kleuterkerk op verhoog
09:30 Kinderkerk in konsistorie
- Geen Aanddiens
18:00 Senior kategese

EREDIENSTE

In terme van die vlak 1 inperkingsmaatreëls, is die perk vir binnenshuise byeenkomste 1000. Ten einde steeds sosiale afstand te kan handhaaf, is ons maksimum per erediens 450 en word slegs elke 2de bank gebruik.

Die kerkraad het besluit dat lidmate nie meer hoef plekke te bespreek vir die bywoning van eredienste nie. Monitering sal steeds by die deure gedoen word.

Dra van maskers binnenshuis en sanitering is ook steeds van krag.

GEMEENTENUUS

1. Elizma Lombard, dogter van Elsa Lombard, tree in die huwelik met Anroux Kotze.
2. Christeen van Zyl (Graylingstraat) het 'n mediese prosedure ondergaan.
3. Riaan van Zyl (Graylingstraat) is ernstig siek en is tans in die hospitaal.
4. Hennie Barnard (Othello) se toestand is onveranderd en is steeds in die hospitaal.
5. Shirley van der Westhuizen (Othello) se broer, ds Ronnie Neveling, is oorlede.
6. Lettie Saayman (Klaradyn) is in die hospitaal opgeneem vir toetse.
7. Johan Kotzé (Angelier straat) begin dié week met behandeling.



VAN ALLES EN NOG WAT

1. Kom ondersteun die Jeugkommissie deur **koffie** by die kerkkantoor te koop teen R65 per pakkie. Verskeidenheid geure beskikbaar in bone en gemaal.
2. Ons benodig tans glaspotjies (heuningpotjie grootte) vir die inlê van konfyt en vrugte vir die basaar. Dit kan by die kerkkantoor afgegee word.
3. **Onthou!!** Vanaf Sondag 10 April 2022 begin die oggenddiens om **09:30**.
4. Ds Hannes is die naweek af.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

- 03/04 Fred Pfaff, Theo Boshoff, Naas Kruger, Marius Wethmar, Ameldri Burger
04/04 Martie Joubert, Jolandé Vorster, Annelien Boshoff
05/04 Dewald Britz, John Theron, Lodewiek Barnardo, Leon Immelman,
Fatima Allie-Reid
06/04 Luna Moggee
07/04 Fritz van Wyk (jnr), Pietie de Wit, Elmi Rossouw, Cherise Bronkhorst,
Coen de Milander, Marlu Swanepoel, Reinette de Koker-Marais
08/04 Willie du Randt, Lorraine Butler
09/04 Ruhan Herselman, Koos Crouse, Louis de Wit, Dinnique De Koker



DROP & GO

Baie dankie vir almal se gereelde bydraes wat ons ontvang. Ons voorrade lyk tans goed. Deels te danke aan kontant bydraes wat ons ontvang het en ons kon nou spesifiek voorrade koop soos wat nodig was.


Ons voorrade vir die volgende is weer baie laag:

Melk Blikkies: Beef, Vis, Groente

Suiker

Pap Toiletware: Tandepasta, Deodorant, Badseep, Sjampoe

Koffie Wasgoedpoeier, Skottelgoedseep, Sanitêre doekies



Bydraes kan steeds deur die loop van die week, tydens kantoorure, by die kerkkantoor afgegee word.

Baie dankie
Cedric en Piet

ORRELUITVOERING

Stasies van die Kruis

Orrelis: Winand Grundling

10 April 2022

16:00

NG Kerk Kuilsrivier (Moedergemeente)

R100 per persoon

Kaartjies by NG Kerk Kuilsrivier se kerkkantoor beskikbaar.

Weeksdae: 09:00—13:00

Navrae: Arthur Appleby 083 311 4384

BASAAR – 28 MEI 2022

1. Kennisgewing aan Lidmate

Basaarlyste is na Blokleiers versprei. Lidmate kry geleentheid om op die basaarlys aan te dui hoe hulle 'n bydrae vir die basaar wil gee. Jy sal dus op die basaarlys kan aandui of jy produkte wil gee, by 'n spesifieke tafel wil help en of jy verkies om 'n finansiële bydrae te maak. Dink solank hieroor sodat jy teen die tyd wat die dienswerker by jou kom, jou keuse kan aandui. Die dienswerker gaan nie vorms by huise afgee en later weer optel nie. Dieselfde vorm sal van huis tot huis geneem word soos ons dit vroeër jare gedoen het.

2. Ons het 'n konvenor vir die Dit en Dat tafel gekry. Baie dankie Hentie Wickens dat jy bereid is om hierdie tafel vir ons te neem. Lidmate is welkom om bruikbare huishoudelike items na die kerkkantoor te bring vir die Dit en Dat tafel.

3. Ons het 'n konvenor vir die Kuintent gekry. Baie dankie aan die Riëtte Morkel en die Maandagaand Vrouebybelstudiegroep.

4. Die konvenors van die volgende tafels benodig hulp. Indien jy wil inskakel, moet jy asseblief jou naam by die kerkkantoor opgee: Materiaal, Melkkos, Pannekoek, Poeding, Naald- en handwerk en Klein koekies/Skuinskoek.

5. Die Plante- en Vleis tafels sal enige skenkings verwelkom.

Volgende Konvenorvergadering is 19 April 2022 om 19:00 in die konsistorie

Johan Morkel (Basaarkonvenor)



AKSIE SAMARITAAN PAASFEES PROJEEK 2022

Liewe vriende, Paasfees is vir ons as gelowiges een van die belangrikste gebeurtenisse. As deel van ons bediening poog Aksie Samaritaan ook om hierdie tyd van die jaar ekstra spesiaal te maak vir ons kliënte sodat dit ook vir hulle 'n Geestelike ervaring sal wees wat hulle nader aan Jesus bring. Die koste van die naweek beloop R150 per persoon. Om dit moontlik te maak benodig ons dus skenkings van bestanddele of kontant. Ons maak reg vir 80 mense. Ek plaas die lys van benodighede asook die program en ons bankrekening hieronder. U ruimhartige bydraes word baie waardeer. Mag God u ryklik seën!

Program: Goeie Vrydag: Nagmaal tesame met ete van piekelvis en "hot cross buns" met melkie en kruisigings geskenkie.

Opstandings Sondag: Feesdiens met ete van Cottage pie met gegeurde rys, pampoentert en cupcakes vir nagereg tesame met koeldrank en fees geskenkie

Benodighede: 30 pakke "Hot cross buns", 80 slabs sjokolade, 80 steri-stumpie melkies, 8kg maalvleis, 8 bokse marshmallow paaseiers, 80 x 500ml koeldrankies, 6 dosyn eiers en kontant

Bankbesonderhede: Aksie Samaritaan: ABSA tjekrek no: 4089388257

Gebruik asb die verwysing "Paasfees"

GROOT LYDENSWEEK



11 April 2022 – 14 April 2022

KUILSRIVIER-DE EIKE

IN ONS KERKGEBOU

Kom reis saam met ons op die lydenspad van Jesus wanneer ons deur voorlesings, respons en gebed tot 'n dieper betekenis kom van wat Jesus in daardie laaste dae moes beleef. Namens ons moes hy die reis aanpak na Golgota. Kom ontdek saam met ons, tree vir tree, die wonder van God se liefde en genade.

In 'n landskap waar baie onsekerheid ons lewens oorheers, is hierdie Groot Lydensweek juis 'n geleentheid om mekaar te bemoedig en vir mekaar, ons land en die wêreld te bid. Ons stap saam met Jesus op sy lydensweg in 'n baie moeilike tyd in die wêreld se bestaan. Gebruik hierdie vier geleenthede om saam na Golgota te reis.

Maandag : 19:00 – 19:30
Dinsdag : 19:00 – 19:30
Woensdag : 19:00 – 19:30
Donderdag : 19:00 – 20:00 (Ons dink terug aan die Laaste Avondmaal wanneer ons saam die nagmaal gebruik)

Ons moenie nou net saamstaan nie MAAR ook saam kniel.



PREEKSKETS

TEMA - DIE ONVERWAGSE GEBEUR OP ONVERWAGTE TYE

Prediker: Ds Chris Barnardo

Skriflesing: Johannes 12: 1-8



- Inleiding.** Het daar al dinge in jou lewe gebeur wat jy glad nie verwag het nie? Soos ons sal sê: “Ek het dit nie sien kom nie! Ek was uitgeboul want dit was so onverwags” Ek onthou ook so geleentheid waarheen vriende genooi was om heerlik saam te kuier en saam te eet. By hierdie kuier-geleentheid het daar ook onverwagse dinge gebeur.
- Onverwags gebeur die onverwagte.** Eers Maria se vrygewigheid terwyl sy haar nie aan kulturele reëls en gebruike steur nie. Toe Judas met sy ongevraagde opmerking en dan Jesus wanneer Hy na sy begrafnis verwys. Wie wil by so ’n ete teenwoordig wees? Ek sou my servet netjies opvou en myself verskoon het. Dit alles herinner ’n mens daaraan dat God dikwels onverwagte dinge met, vir en deur onverwagte mense doen. As daar een ding is wat ons hierdie Sondag kan vra, is dit: “Wat kan ons van God verwag?” Ons kan ook vra waar God op onverwagte maniere in ons gemeenskap aan die werk is? Op die mees onverwagse tye kom die Here en Hy verras ons. Die nardusolie se geure word onverwags en wyd in De Eike versprei.
- Deur wie kan God volgende werk?** Vriende kyk vir ’n oomblik die persoon langs jou in die oë. God staan op die punt om elkeen van julle op ’n verrassende manier te gebruik. Wie weet? Wat ons wel weet, is dat God ons gereeld verras met waar Hy opdaag, wie Hy gebruik en wat Hy bereik.
- Slot.** Kom ons soek spore van die onvoorspelbare God, die Een wat opdaag waar ons Hom die minste verwag, en altyd ten goede. Kom ons bou ’n gemeenskap wat fokus op liefde, deernis en hoop. En kom ons onthou om nie pretbederwers te wees nie. Ons roeping is eenheid in Christus. Neem jou plek in langs Lasarus wat opgewek is uit die dood. Sit aan tafel saam met Jesus terwyl Maria die nardusolie op Jesus se voete uitgiet en hom voorberei op dit wat op Hom wag, en wag vir die onverwagse. Amen